


copy

**THE PROVINCE OF
GAUTENG**



**DIE PROVINSIE
GAUTENG**

**Provincial Gazette Extraordinary
Buitengewone Provinsiale Koerant**

Selling price • Verkoopprys: **R2,50**
Other countries • Buitelands: **R3,25**


Vol. 7

PRETORIA, 31 AUGUST
AUGUSTUS 2001

No. 175

We all have the power to prevent AIDS

AIDS
affects
us all



A
new
struggle

Prevention is the cure

**AIDS
HELPLINE**

0800 012 322

DEPARTMENT OF HEALTH

CONTENTS • INHOUD

<i>No.</i>		<i>Page No.</i>	<i>Gazette No.</i>
GENERAL NOTICES			
5266	Town-planning and Townships Ordinance (15/1986): City of Tshwane Metropolitan Municipality: Establishment of township: Die Hoewes Extension 188	3	175
5267	do.: do.: Declaration as approved township: Equestria Extension 68	3	175
5268	do.: do.: Pretoria Amendment Scheme 8865	5	175
5269	do.: do.: Declaration as approved township: River Club Extension 29	5	175
5270	do.: Sandton Amendment Scheme 2567	7	175
5314	Town-planning and Townships Ordinance (15/1986): City of Tshwane Metropolitan Municipality: Pretoria Amendment Scheme 9000	7	175
ALGEMENE KENNISGEWINGS			
5266	Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe (15/1986): Stad van Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit: Aansoek om dorpstigting: Die Hoewes-uitbreiding 188	3	175
5267	do.: do.: Verklaring tot goedgekeurde dorp: Equestria-uitbreiding 68	3	175
5268	do.: do.: Pretoria-wysigingskema 8865	5	175
5269	do.: do.: Verklaring tot goedgekeurde dorp: River Club-uitbreiding 29	5	175
5270	do.: Sandton-wysigingskema 2567	7	175
5314	Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe (15/1986): Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit: Pretoria-wysigingskema 9000	7	175

GENERAL NOTICES • ALGEMENE KENNISGEWINGS

NOTICE 5266 OF 2001

THE CITY OF TSHWANE METROPOLITAN MUNICIPALITY

NOTICE No. 80/2001

NOTICE OF APPLICATION FOR ESTABLISHMENT OF TOWNSHIP: DIE HOEWES EXTENSION 188

The City of Tshwane Metropolitan Municipality hereby gives notice in terms of section 69 (6) (a) of the Town Planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), that an application to establish the township referred to in the Annexure attached hereto, has been received by it.

The particulars of the application will be open for inspection during normal office hours at the office of the Chief Town Planner, Municipal Offices, corner of Basden Avenue and Rabie Street, Centurion, for a period of 28 (twenty eight) days from 31 August 2001.

Objections to or representations in respect of the application must be lodged with or made in writing and in duplicate to the Chief Town Planner at the above address or at PO Box 14013, Lyttelton, 0140, within a period of 28 (twenty eight) days from 31 August 2001.

Dr TE THOHLANE, Municipal Manager

Municipal Offices, c/o Basden Avenue and Rabie Street, Centurion, 0157; PO Box 14013, Lyttelton, 0140.

(Notice No. 80/2001)

(File No. 16/3/1/893)

ANNEXURE

Name of township: Die Hoewes Extension 188.

Name of applicant: JM Enslin/WG Groenewald of Urban Perspectives Town & Regional Planning CC on behalf of M&T Development CC.

Number of erven in proposed township: 3 erven consisting of the following:

Erf 1 and 2—Residential 3 with a proposed height of 3 (three) storeys, coverage of 30% and floor space ratio of 0.6.

Erf 3—Special for access purposes, parking, landscaping, pedestrian purposes/walkways, municipal open space, roads, offices, dwelling units, shops, restaurants and special uses.

Description of property: Holding 82, Lyttelton Agricultural Holdings Extension 1.

Locality of township: Situated to the south of Von Willich Avenue, between Lenchen Avenue and Gerhard Street, Lyttelton Agricultural Holdings Extension 1.

(Reference: 16/3/1/893)

KENNISGEWING 5266 VAN 2001

DIE STAD VAN TSHWANE METROPOLITAANSE MUNISIPALITEIT

KENNISGEWING No. 80/2001

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM DORPSTIGTING VAN DIE DORP: DIE HOEWES UITBREIDING 188

Die Stad van Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit gee hiermee kennis in terme van artikel 69 (6) (a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), dat 'n aansoek om die dorp in die Bylae hierby genoem, te stig, deur hom ontvang is.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende kantoorure by die kantoor van die Hoofstadsbeplanner, Munisipale Kantore, h/v Basdenlaan en Rabiestraat, Centurion, vir 'n tydperk van 28 (agt-en-twintig) dae vanaf 31 Augustus 2001.

Besware teen of verhoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 (agt-en-twintig) dae vanaf 31 Augustus 2001 skriftelik en in tweevoud by of tot die Hoofstadsbeplanner by bovermelde adres of by Posbus 14013, Lyttelton, 0140, ingedien of gerig word.

Dr TE THOHLANE, Munisipale Bestuurder

Munisipale Kantore, h/v Basdenlaan en Rabiestraat, Centurion, 0157; Posbus 14013, Lyttelton, 0140

(Kennisgewing No. 80/2001)

(Leënommer 16/3/1/893)

BYLAE

Naam van dorp: Die Hoewes Uitbreiding 188.

Naam van applikant: JM Enslin/WG Groenewald van Urban Perspectives Town & Regional Planning CC namens M&T Development CC.

Aantal erwe in die beoogde dorp: 3 erwe bestaande uit die volgende:

Erwe 1 en 2—Residensieel 3 met 'n voorgestelde hoogte van 3 (drie) verdiepinge, dekking van 30% en vloeroppervlakteverhouding van 0,6.

Erw 3—Spesiaal vir toegangsdoeleindes, parkering, belandskapping, voetganger doeleindes, munisipale oop ruimte, paaie, kantore, wooneenhede, winkels, restaurante en spesiale gebruike.

Beskrywing van eiendom: Hoewe 82, Lyttelton Landbouhoewes Uitbreiding 1.

Ligging van die eiendom: Geleë ten suide van Von Willichlaan, tussen Lenchenlaan en Gerhardstraat, Lyttelton Landbouhoewes Uitbreiding 1.

(Verwysing: 16/3/1/893)

31-7

NOTICE 5267 OF 2001

THE CITY OF TSHWANE METROPOLITAN MUNICIPALITY

DECLARATION OF EQUESTRIA EXTENSION 68 AS APPROVED TOWNSHIP

In terms of section 103 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance No. 15 of 1986), the City of Tshwane Metropolitan Municipality hereby declares the township of **Equestria Extension 68** to be an approved township, subject to the conditions as set out in the Schedule hereto.

(K13/2/Equestria x68)

KENNISGEWING 5267 VAN 2001

DIE STAD TSHWANE METROPOLITAANSE MUNISIPALITEIT

VERKLARING VAN EQUESTRIA UITBREIDING 68 TOT GOEDGEKEURDE DORP

Ingevolge artikel 103 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie No. 15 van 1986), verklaar die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit hierby die dorp **Equestria Uitbreiding 68** tot 'n goedgekeurde dorp onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in die bygaande Bylae.

(K13/2/Equestria x68)

SCHEDULE

CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY JACOBUS FREDIRICK JOHANNES SMIT IN TERMS OF THE PROVISIONS OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986 (ORDINANCE No. 15 OF 1986), FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTION 435 OF THE FARM THE WILLOWS NO 340 JR, PROVINCE OF GAUTENG, HAS BEEN GRANTED.

1. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT**1.1 Name**

The name of the township shall be **Equestria Extension 68**.

1.2 Design

The township shall consist of erven as indicated on General Plan SG No. 7162/2000.

1.3 Disposal of existing conditions of title

All erven shall be made subject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of rights to minerals.

1.4 Endowment

Payable to the City of Tshwane Metropolitan Municipality.

The township owner shall pay the City of Tshwane Metropolitan Municipality as endowment a total amount of R72 000,00 which amount shall be used by the City of Tshwane Metropolitan Municipality for the acquisition of land for park and/or public open space purposes.

The said endowment amount shall be payable in accordance with the provisions of section 81 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986).

1.5 Removal or replacement of municipal services

Should it become necessary to move or replace any existing municipal services as a result of the establishment of the township, the cost thereof shall be borne by the township owner.

1.6 Demolition of buildings and structures

When required by the City of Tshwane Metropolitan Municipality to do so, the township owner shall at his own expense cause to be demolished to the satisfaction of the City of Tshwane Metropolitan Municipality all existing buildings and structures situated within building line reserves and side spaces or over common boundaries, or dilapidated structures.

1.7 Removal of litter

The township owner shall at his own expense have all litter within the township area removed to the satisfaction of the City of Tshwane Metropolitan Municipality, when required to do so by the City of Tshwane Metropolitan Municipality.

1.8 Removal and/or replacement of Telkom services

Should it become necessary to remove and/or replace any existing Telkom services as a result of the establishment of the township, the cost thereof shall be borne by the township owner.

2. CONDITIONS OF TITLE

2.1 The erven mentioned below shall be subject to the condition as indicated, laid down by the City of Tshwane Metropolitan Municipality in terms of the provisions of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986):

2.1.1 All erven

2.1.1.1 The erf is subject to a servitude, 2 m wide, for municipal services (water/sewerage/electricity/stormwater) (hereinafter referred to as "the services"), in favour of the local authority, along any two boundaries, excepting a street boundary and, in the case of a panhandle erf, an additional servitude for municipal purposes, 2 m wide, over the entrance portion of the erf, if and when required by the local authority: Provided that the local authority may waive any such servitude.

2.1.1.2 No buildings or other structure may be erected within the aforesaid servitude area and no trees with large roots may be planted within the area of such servitude or within a distance of 2 m from it.

BYLAE

STAAT VAN VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GEDOEN JACOBUS FREDIRICK JOHANNES SMIT INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986 (ORDONNANSIE No. 15 VAN 1986), OM TOESTEMMING OM 'N DORP OP GEDEELTE 435 VAN DIE PLAAS THE WILLOWS No. 340 JR, GAUTENG, TE STIG, TOEGESTAAN IS.

1. STIGTINGSVOORWAARDES**1.1 Naam**

Die naam van die dorp is **Equestria Uitbreiding 68**.

1.2 Ontwerp

Die dorp bestaan uit erwe soos aangedui op Algemene Plan LG No. 7162/2000.

1.3 Beskikking oor bestaande titelvoorwaardes

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en servitude, as daar is, met inbegrip van die voorbehoud van die regte op minerale.

1.4 Begiftiging

Betaalbaar aan die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit.

Die dorpsseienaar moet aan die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit, as begiftiging, 'n totale bedrag van R72 000,00 betaal, welke bedrag deur die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit aangewend moet word vir die verkryging van grond vir park- en/of openbare-oopruimtedoeleindes.

Die genoemde begiftigingsbedrag is betaalbaar kragtens die bepaling van artikel 81 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986).

1.5 Verskuiwing en/of verwydering van munisipale dienste

Indien dit as gevolg van die stigting van die dorp nodig word om enige bestaande munisipale dienste te verskuif of te vervang, moet die koste daarvan deur die dorpsseienaar gedra word.

1.6 Sloping van geboue en strukture

Die dorpsseienaar moet op eie koste alle bestaande geboue en strukture wat binne boulynreserwes en kantruimtes of oor gemeenskaplike grense gelê is, of bouvallige strukture laat sloop tot tevredeheid van die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit wanneer die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit dit vereis.

1.7 Verwydering van rommel

Die dorpsseienaar moet op eie koste alle rommel binne die dorpsgebied laat verwyder tot tevredeheid van die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit wanneer die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit dit vereis.

1.8 Verskuiwing en/of verwydering van Telkom dienste

Indien dit as gevolg van die stigting van die dorp nodig word om enige bestaande dienste van Telkom te verskuif en/of te verwyder, moet die koste daarvan deur die dorpsseienaar gedra word.

2. TITELVOORWAARDES

2.1 Die erwe hieronder genoem, is onderworpe aan die voorwaarde soos aangedui, opgelê deur die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit ingevolge die bepaling van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986):

2.1.1 Alle erwe

2.1.1.1 Die erf is onderworpe aan 'n serwituut, 2 m breed, vir munisipale dienste (water/riool/elektrisiteit/stormwater) (hierna "die dienste" genoem), ten gunste van die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit langs enige twee grense, uitgesonderd 'n straatgrens en, in die geval van 'n pypsteeler, 'n addisionele serwituut vir munisipale doeleindes, 2 m breed, oor die toegangsgedeelte van die erf, indien en wanneer die plaaslike bestuur dit verlang: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur van enige sodanige serwituut mag afstaan.

2.1.1.2 Geen geboue of ander strukture mag binne die voornoemde serwituutgebied opgerig word nie en geen groot wortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne 'n afstand van 2 m daarvan geplant word nie.

2.1.1.3 The City of Tshwane Metropolitan Municipality shall be entitled to temporarily deposit on the land adjoining the aforesaid servitude, any material it excavates during the laying, maintenance or removal of such services and other works which in its discretion it regards necessary and furthermore the city of Tshwane Metropolitan Municipality shall be entitled to reasonable access to the said property for the aforesaid purpose, subject to the provision that the City of Tshwane Metropolitan Municipality shall make good any damage caused during the laying, maintenance or removal of such services and other works.

2.1.2 Erf 468

2.1.2.1 The erf shall be subject to a servitude for municipal services (stormwater), 22 meters wide in favour of the City of Tshwane Metropolitan Municipality, as indicated on the general plan.

2.1.2.2 No buildings or other structures may be erected within the aforesaid servitude area and no trees with large roots may be planted within the area of such servitude or within a distance of 2 m from it.

2.1.2.3 The City of Tshwane Metropolitan Municipality shall be entitled to temporarily deposit on the land adjoining the aforesaid servitude, any material it excavates during the laying, maintenance or removal of such services and other works which in its discretion it regards essential and furthermore the City of Tshwane Metropolitan Municipality shall be entitled to reasonable access to the said property for the aforesaid purpose, subject to the provision that the City of Tshwane Metropolitan Municipality shall make good any damage caused during the laying, maintenance or removal of such services and other works.

2.1.1.3 Die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit is daarop geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige dienste en ander werke wat hy na goeëddunke noodsaaklik ag, tydelik te plaas op grond wat aan die voornoemde serwituut grens, en voorts is die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit geregtig op redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel, onderworpe daaraan dat die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige dienste en ander werke veroorsaak word.

2.1.2 Erf 468

2.1.2.1 Die erf is onderworpe aan 'n serwituut vir munisipale dienste (stormwater), 22 meter wyd ten gunste van die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit, soos op die algemene plan aangedui.

2.1.2.2 Geen geboue of ander strukture mag binne die voornoemde serwituutgebied opgerig word nie en geen groot wortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne 'n afstand van 2 m daarvan geplant word nie.

2.1.2.3 Die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit is daarop geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige dienste en ander werke wat hy na goeëddunke noodsaaklik ag, tydelik te plaas op grond wat aan die voornoemde serwituut grens, en voorts is die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit geregtig op redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel, onderworpe daaraan dat die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige dienste en ander werke veroorsaak word.

NOTICE 5268 OF 2001

THE CITY OF TSHWANE METROPOLITAN MUNICIPALITY

PRETORIA AMENDMENT SCHEME 8865

It is hereby notified in terms of the provisions of section 125 (1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), that the City of Tshwane Metropolitan Municipality has approved an amendment scheme with regard to the land in the township of Equestria Extension 68, being an amendment of the Pretoria Town-planning Scheme, 1974.

Map 3 and the scheme clauses of this amendment scheme are filed with the City Manager, and are open for inspection during normal office hours.

This amendment is known as Pretoria Amendment Scheme 8865.

(K13/2/Equestria X68)

Strategic Executive: Corporate Services

KENNISGEWING 5268 VAN 2001

DIE STAD VAN TSHWANE METROPOLITAANSE MUNISIPALITEIT

PRETORIA WYSIGINGSKEMA 8865

Hierby word ingevolge die bepalings van artikel 125 (1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), bekend gemaak dat die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit 'n wysigingskema met betrekking tot die grond in die dorp Equestria Uitbreiding 68, synde 'n wysiging van die Pretoria-dorpsbeplanningskema, 1974, goedgekeur het.

Kaart 3 en die skemaklousules van hierdie wysigingskema word deur die Stad Bestuurder, in bewaring gehou en lê gedurende gewone kantoorure ter insae.

Hierdie wysiging staan bekend as Pretoria-wysigingskema 8865.

(K13/2/Equestria X68)

Strategiese Uitvoerende Beampte, Korporatiewe Dienste

NOTICE 5269 OF 2001

DECLARATION AS APPROVED TOWNSHIP

In terms of section 69 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965 (Ordinance 25 of 1965), the Administrator hereby declares River Club Extension 29 Township to be an approved township, subject to the conditions set out in the Schedule hereto.

(GO 15/3/2/116/96)

SCHEDULE

CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY SUMMERCON DEVCO (PTY) LTD UNDER THE PROVISIONS OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1965, FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTION 713 OF THE FARM ZANDFONTEIN No. 42-I.R., PROVINCE OF GAUTENG, HAS BEEN GRANTED

KENNISGEWING 5269 VAN 2001

VERKLARING TOT GOEDGEKEURDE DORP

Ingevolge artikel 69 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965 (Ordonnansie 25 van 1965), verklaar die Administrateur hierby die dorp River Club Uitbreiding 29 tot 'n goedgekeurde dorp, onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in die bygaande Bylae.

(GO 15/3/2/116/96)

BYLAE

VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GEDOEN DEUR SUMMERCON DEVCO (PTY) LTD INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1965, OM TOESTEMMING OM 'N DORP TE STIG OP GEDEELTE 713 VAN DIE PLAAS ZANDFONTEIN No. 42-I.R., PROVINSIE GAUTENG, TOEGESTAAN IS

1. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT**(1) Name**

The name of the township shall be **River Club Extension 29**.

(2) Design

The township shall consist of erven and streets as indicated on General Plan S.G. No. A5965/1992.

(3) Stormwater drainage and street construction

(a) The township owner shall on request by the local authority submit to such authority for its approval a detailed scheme complete with plans, sections and specifications, prepared by a civil engineer approved by the local authority, for the collection and disposal of stormwater throughout the township by means of properly constructed works and for the construction, tarmacadamising, kerbing and channelling of the streets therein together with the provision of such retaining walls as may be considered necessary by the local authority.

Furthermore, the scheme shall indicate the route and gradient by which each erf gains access to the street on which it abuts.

(b) The township owner shall, when required by the local authority to do so, carry out the approved scheme at its own expense on behalf and to the satisfaction of the local authority under the supervision of a civil engineer approved by the local authority.

(c) The township owner shall be responsible for the maintenance of the streets to the satisfaction of the local authority until the streets have been constructed as set out in subclause (b).

(d) If the township owner fails to comply with the provisions of paragraphs (a), (b) and (c) hereof the local authority shall be entitled to do the work at the cost of the township owner.

(4) Disposal of existing conditions of title

All erven shall be made subject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of rights to minerals, but excluding the following servitude which affects Erven 696, 697 and 698 in the township only:

"By Notarial Deed No. 203/1953S, the right has been granted to the City Council of Johannesburg to convey electricity over the property hereby transferred together with ancillary rights and subject to conditions as will more fully appear on reference to the said Notarial Deed which servitude is indicated by the figure aBCDea on Diagram S.G. No. A554/58 annexed to Deed of Transfer No. 20594/1963 dated the 16th August 1963."

(5) Land for municipal purposes

Erf 698 shall be transferred to the local authority by and at the expense of the township owner as a park

3. CONDITIONS OF TITLE

The erven with the exception of Erf 698 shall be subject to the following conditions imposed by the Administrator in terms of the provisions of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965.

(1) The erf is subject to a servitude, 2 m wide, in favour of the local authority, for sewerage and other municipal purposes, along any two boundaries other than a street boundary and in the case of a panhandle erf, an additional servitude for municipal purposes 2 m wide across the access portion of the erf, if and when required by the local authority: Provided that the local authority may dispense with any such servitude.

(2) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no large-rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within 2 m thereof.

(3) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works as it in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

1. STIGTINGSVOORWAARDES**(1) Naam**

Die naam van die dorp is **River Club Uitbreiding 29**.

(2) Ontwerp

Die dorp bestaan uit erwe en strate soos aangedui op Algemene Plan L.G. No. A5965/1992.

(3) Stormwaterdreinerings en straatbou

(a) Die dorpseienaar moet op versoek van die plaaslike bestuur aan sodanige bestuur 'n gedetailleerde skema, volledig met planne, deursnee en spesifikasies, opgestel deur 'n siviele ingenieur wat deur die plaaslike bestuur goedgekeur is, vir die opgaar en afvoer van stormwater deur die hele dorp deur middel van behoorlike aangelegde werke en vir die aanlê, teermacadamisering, beranding en kanalisering van die strate daarin, tesame met die verskaffing van sodanige keermure as wat die plaaslike bestuur nodig ag, vir goedkeuring voorlê.

Verder moet die skema die roete en helling aandui deur middel waarvan elke erf toegang tot die aangrensende straat verkry.

(b) Die dorpseienaar moet, wanneer die plaaslike bestuur dit vereis, die goedgekeurde skema op eie koste namens en tot bevrediging van die plaaslike bestuur, onder toesig van 'n siviele ingenieur deur die plaaslike bestuur goedgekeur, uitvoer.

(c) Die dorpseienaar is verantwoordelik vir die instandhouding van die strate tot bevrediging van die plaaslike bestuur totdat die strate ooreenkomstig subklousule (b) gebou is.

(d) Indien die dorpseienaar versuim om aan die bepalings van paragrawe (a), (b) en (c) hiervan te voldoen, is die plaaslike bestuur geregtig om die werk op koste van die dorpseienaar te doen.

(4) Beskikking oor bestaande titelvoorwaardes

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en servitude, as daar is, met inbegrip van die voorbehoud van die regte op minerale, maar uitgesonderd die volgende servituut wat slegs Erwe 696, 697 en 698 in die dorp raak:

"By Notarial Deed No. 203/1953S, the right has been granted to the City Council of Johannesburg to convey electricity over the property hereby transferred together with ancillary rights and subject to conditions as will more fully appear on reference to the said Notarial Deed which servitude is indicated by the figure aBCDea on Diagram S.G. No. A554/58 annexed to Deed of Transfer No. 20594/1963 dated the 16th August 1963."

(5) Grond vir munisipale doeleindes

Erf 698 moet deur en op koste van die dorpseienaar aan die plaaslike bestuur as 'n park oorgegedra word.

3. TITELVOORWAARDES

Die erwe met die uitsondering van Erf 698 is onderworpe aan die volgende voorwaardes, opgelê deur die Administrateur ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965.

(1) Die erf is onderworpe aan 'n servituut 2 m breed, vir riolerings- en ander munisipale doeleindes, ten gunste van die plaaslike bestuur, langs enige twee grense, uitgesonderd 'n straatgrens en, in die geval van 'n pypsteelerf, 'n addisionele servituut vir munisipale doeleindes 2 m breed oor die toegangs-gedeelte van die erf, indien en wanneer verlang deur die plaaslike bestuur: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur van enige sodanige servituut mag afsien.

(2) Geen gebou of ander struktuur mag binne die voornoemde servituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige servituut of binne 'n afstand van 2 m daarvan geplant word nie.

(3) Die plaaslike bestuur is geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke wat hy volgens goeddunke noodsaaklik ag, tydelik te plaas op die grond wat aan die voornoemde servituut grens en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel, onderworpe daaraan dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwyderings van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke veroorsaak word.

NOTICE 5270 OF 2001

SANDTON AMENDMENT SCHEME 2567

The Administrator hereby, in terms of the provisions of Section 89 (1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, declares that he approved an amendment scheme, being an amendment of Sandton Town-planning Scheme 1980, comprising the same land as included in the township of Sandton Extension 29.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Gauteng Provincial Government (Department of Development Planning and Local Government), Johannesburg, and the Town Clerk Sandton, and are open for inspection at all reasonable times.

The amendment is known as Sandton Amendment Scheme 2567.

GO 15/16/3/116H/2567

KENNISGEWING 5270 VAN 2001

SANDTON WYSIGINGSKEMA 2567

Die Administrateur verklaar hierby, ingevolge die bepalings van Artikel 89 (1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, dat hy 'n wysigingskema, synde 'n wysiging van Sandton Dorpsbeplanningskema 1980, wat uit dieselfde grond as die dorp River Club Uitbreiding 29 bestaan, goedgekeur het.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Gauteng Provinsiale Regering (Departement van Ontwikkelingsbeplanning en Plaaslike Regering), Johannesburg, en die Stadsklerk Sandton, en is beskikbaar vir inspeksie te alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Sandton Wysigingskema 2567.

GO 15/16/3/116H/2567

NOTICE 5314 OF 2001

THE CITY OF TSHWANE METROPOLITAN MUNICIPALITY

PRETORIA AMENDMENT SCHEME 9000

It is hereby notified in terms of the provisions of section 57(1)(a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance No. 15 of 1986), that the City of Tshwane Metropolitan Municipality has approved the amendment of the Pretoria Town-planning Scheme, 1974, being the rezoning of portion ABCDEFA of Portion 6 of Erf 265, Mayville to Group Housing. The erf is subject to the conditions contained in Schedule IIIC. Provided that not more than 24 dwelling-units per hectare of gross erf area (i.e. prior to any part of the erf being cut off for a public street or communal open space, shall be erected on the erf, subject to certain conditions.

Map 3 and the scheme clauses of this amendment scheme are filed with the Municipal Manager and the Director-General: Gauteng Provincial Administration, Community Development Branch, and are open to inspection during normal office hours.

This amendment is known as Pretoria Amendment Scheme 9000 and shall come into operation on the date of publication of this notice.

[K13/4/6/3 Mayville - 265/6 (9000)]

Strategic Executive: Corporate Services

(Notice No. /2001)

KENNISGEWING 5314 OF 2001

DIE STAD TSHWANE METROPOLITAANSE MUNISIPALITEIT

PRETORIA-WYSIGINGSKEMA 9000

Hierby word ingevolge die bepalings van artikel 57(1)(a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie No. 15 van 1986), bekendgemaak dat die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit die wysiging van die Pretoria-dorpsbeplanningskema, 1974, goedgekeur het, synde die hersonering van Gedeelte ABCDEFA van Gedeelte 6 van Erf 265, Mayville tot Groepsbehuising. Die erf is onderworpe aan die voorwaardes soos vervat in Skedule IIIC: Met dien verstande dat nie meer as 24 wooneenhede per hektaar bruto erfoppervlakte (dit wil sê alvorens enige deel van die erf vir 'n openbare straat of 'n gemeenskaplike oopruimte afgesny is) op die erf opgerig mag word nie, onderworpe aan sekere voorwaardes.

Kaart 3 en die skemaklousules van hierdie wysiging word deur die Munisipale Bestuurder van Pretoria en die Direkteur-generaal: Gauteng Provinsiale Administrasie, Tak Gemeenskapsontwikkeling, in bewaring gehou en lê gedurende gewone kantoorure ter insae.

Hierdie wysiging staan bekend as Pretoria-wysigingskema 9000 en tree op die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in werking.

[K13/4/6/3 Mayville - 265/6 (9000)]

Strategiese Uitvoerende Beampste: Korporatiewe Dienste

(Kennisgewing No. /2001)

